

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 22

30 Mei 2021

Die Heilige Gees



Jesus is met die Heilige Gees vervul.

“Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos ‘n duif sien neerdaal en op Hom kom.” – Matt 3:16-17

Ons het die Heilige Gees nodig om die vrug van die Gees in ons lewens voort te bring.

“Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing... Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.” – Gal 5:22, 23, 25

Die Heilige Gees bemagtig ons om die Evangelie te verkondig.

“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.” – Hand 1:8

Ons het Sy hulp nodig.

“Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.” – Joh 14:26

Die Heilige Gees openbaar geestelike dinge aan ons.

“So ook ken niemand die verborge dinge van God nie, behalwe die Gees van God... Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom... Die mens wat die Gees van God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel...” – 2 Kor 2:11-15

Hy reinig en heilig ons.

“En waar die Gees van die Here is, is daar Vryheid. Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig ag weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.”

– 2 Kor 3:17-18 en “dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid.” - 2 Tess 2:13

Ons het die krag van die Heilige Gees nodig.

“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom.” – Hand 1:8

Ons ontvang die geestelike gawes deur die Heilige Gees.

“Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees... Daar is ‘n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee...” – 1 Kor 12:1,4

Dankie!

- **Vir die uitstorting van die Heilige Gees!**
- **Vir elke persoon wat beterskap in hulle gesondheid beleef en elkeen wat gesond geword het!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir die gemeente bedieninge.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Vir die skole en onderwysers.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Teen die moontlikheid van 'n derde vlaag Corona virus uitbraak.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir Sy genade en ontferming oor ons in SA. Dat SA sal terugdraai na God met hulle hele hart!

Voorbidding

- Duan Vorster – Vir sy spoedige herstel en volkome genesing nag root operasie..
- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Magriet du Plooy –vir volkome genesing. Vir nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Gerda Jansen – vir volkome herstel en genesing.
- Gerda Nel – sy is beter.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Vir almal in ons gemeente wat covid het. Vir spoedige en volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – sy het beroerte gehad. Vir spoedige en volkome herstel.

Ons innige meegevoel met tannie Nellie van Aswegen en familie met die heengaan van oom Louis.

Gedagte vir die week:

“...laat die Gees julle vervul” – Ef 5:18

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.
N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org

